

Beste kollega

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake wat personeelvoordele betref.

1. Universiteit Stellenbosch Aftredefonds- (SURF-)bydraekoers

Die SURF-reëls is in 2020 gewysig om bydraekoerse van tot so laag as 5% van pensioengewende vergoeding toe te laat as 'n tydelike maatreël om lede finansiëel by te staan. Die reëlwysiging is in 2021 omgekeer om te sorg dat alle werknemers wat vanaf 1 Januarie 2022 aangestel word, weer ten minste 15% bydra. Daarmee saam het die SURF-trusteeraad besluit om die bydraekoers van alle werknemers wat minder as 15% van pensioengewende vergoeding bydra, outomaties met 2,5% per jaar te verhoog. Die doel is om bydraevlakke geleidelik weer tot 15% op te stoot. Indien jou finansies egter nie nou 'n verhoging in fondsbydraes toelaat nie, kan jy kies om jou huidige bydraekoers te behou. E-pos Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum (sun-e-hr@sun.ac.za) asseblief om jou keuse aan te dui. Menslike Hulpbronne sal vir rekordhoudingsdoeleindes slegs op skriftelike versoeke reageer.

2. Voordele vir 2025

Die Universiteit en sy konsultante het in Oktober 2024 weer 'n markontleding onderneem om die beste premies vir ons risikovoordele te bekom. Hoewel versekeringspryse steeds aan 'n mate van onsekerheid blootgestel is, het die versekeraars wél hulle premies so ver moontlik probeer verlaag. Menslike Hulpbronne, die Universiteit se voordelekonsultante (Simeka) en SURF se Sterfte- en Voordelesubkomitee het die premiekwotasies deeglik bestudeer en 'n hele paar keer na die onderhandelingsstafel teruggekeer om ons werknemers die heel beste te bied. Die resultate van die marknavorsing verskyn hier onder volgens risikovoordeel:

a. Gade- en kinderpensioen

Huidige versekeraar: Sanlam

Voordeel: Gadepensioen (35% van pensioengewende vergoeding) en kinderpensioen (hoogstens drie kinders; 10% van pensioengewende vergoeding), maar met minimum dekking van twee keer jaarlikse pensioengewende verdienste. Waar die voordeel as 'n pensioen uitbetaal word, strook jaarlikse verhogings met inflasie, hoewel dit tot 10% beperk word.
SURF-lede sonder 'n gade of kwalifiserende kinders kan kies om nie hierdie versekerde sterftevoordeel te ontvang nie.

Klik op die skakel vir verdere inligting en aansoekdokumente:

[Gade- en kinderpensioen](#)

Huidige tarief: 1,047% van pensioengewende vergoeding
Nuwe tarief: 0,995% van pensioengewende vergoeding

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R400 000 per jaar:

Huidige koste: R349,00
Nuwe koste: R331,67

b. Groeplewensversekering

Huidige versekeraar: Old Mutual
Voordeel: Vyf keer pensioengewende vergoeding
Huidige tarief: R0,249 per R1 000 dekking
Nuwe tarief: R0,249 per R1 000 dekking

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R400 000 per jaar:

Huidige koste: R498,00
Nuwe koste: R498,00

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Klik [hier](#) vir Old Mutual se openbaarmakingsdokument.
- Indien jy in 2024 jou voordeel tot drie of een keer verlaag het, sal jy outomaties vanaf 1 Januarie 2025 weer op vyfvoudige dekking geplaas word. Om jou dekking vir 2025 tot drie of een keer te verlaag, e-pos asseblief jou versoek voor die einde van Februarie 2025 na Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum (sun-e-hr@sun.ac.za). Menslike Hulpbronne sal vir rekordhoudingsdoeleindes slegs op skriftelike versoeke reageer.

Opsionele bykomende dekking van twee keer pensioengewende vergoeding

Huidige tarief: R0,162 per R1 000 dekking
Nuwe tarief: R0,162 per R1 000 dekking

Klik op die skakel vir verdere inligting:

[Bykomende groeplewensdekking](#)

c. Ongeskiktheidsdekking

Huidige versekeraar: Momentum
Voordeel: Maksimum van 75% van totale koste van indiensname (beperk tot netto inkomste voor ongeskiktheid, met marginale belastingkoers in ag geneem), ná 'n wagtydperk van drie maande
Huidige tarief: 1,067% van pensioengewende vergoeding
Nuwe tarief: 1,067% van pensioengewende vergoeding

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R400 000 per jaar:

Huidige koste:	R355,67
Nuwe koste:	R355,67

d. Gadeversekering

Huidige versekeraar:	Old Mutual
Voordeel:	Twee keer pensioengewende vergoeding
Huidige tarief:	R0,307 per R1 000 dekking
Nuwe tarief:	R0,307 per R1 000 dekking

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R400 000 per jaar:

Huidige koste:	R245,60
Nuwe koste:	R245,60

e. Begrafnisdekking

Huidige versekeraar:	Old Mutual
Voordeel:	Huidige maksimum dekking van R30 000
Huidige tarief:	R34,30 per gesin (voordeel van R30 000)
Nuwe tarief:	R46,30 per gesin (voordeel van R40 000)

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Nadat ons 'n aansienlike premieverlaging vir 2024 bekom het, het ons 'n versoek ontvang om die voordeel van R30 000 tot R40 000 te verhoog. Ons doen graag verslag dat ons 'n voordeel van R40 000 teen 'n maandelikse premie van R46,30 kon beding, wat slegs R12 per maand meer is. Die bykomende voordeel vir familieledede buite die kerngesin word vir eers op R30 000 gehou (sien hier onder), en ons sal nog met werknemers in gesprek tree om hulle behoeftes in dié verband te verstaan.

Bykomende begrafnisdekking (voordeel van R30 000)

Tot op 64-jarige ouderdom:	R57,00
65- tot 74-jarige ouderdom:	R112,50
Ouer as 74:	R183,00

Klik op die skakel vir verdere inligting:
[Bykomende begrafnisdekking](#)

3. Belangrike inligting oor verlof

Die verlofoordrag op 31 Desember 2024 beteken ook dat aansoeke om verlofuitbetalings aan die einde van Januarie 2025 (van toepassing op permanente aanstellings wie se diensvoorwaardes daarvoor voorsiening maak) *in Januarie* ingedien moet word.

Die opsie “SUN Accum Leave Encashment JV” op die stelsel is aangepas om outomatiese goedkeuring moontlik te maak. Lê asseblief jou aansoek voor of op 11 Januarie vas om jou uitbetaling saam met jou Januarie-vergoeding te ontvang.

- Aansoeke om uitbetaling van tot 19 dae moet op die Oracle-selfhelpplatform vir personeel ingevoer word.
- Vir aansoeke om uitbetaling van 20 dae of meer, gebruik asseblief hierdie vorm. Werknemers wat 'n papieraansoek om verlofuitbetaling invul, moet sorg dat die vorm Menslike Hulpbronne voor 10 Januarie bereik sodat dit betyds verwerk kan word.

Ons sal dit waardeer as jy ons sal help om hierdie kennisgewing ook onder alle personeellede sonder e-postoegang te versprei.

Vir enige navrae, kontak gerus Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum by 021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za.